***VERSLAGWAARDIG: JA/NEE***
***SIRKULEER ONDER LANDDROSTE: JA/NEE***
***SIRKULEER ONDER REGTERS: JA/NEE***

# IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA

*(NOORD-KAAPSE AFDELING)*

***KIMBERLEY***

***SAAK NO.: 726/2001***
***DATUM: 05-11-2001***

In die Hersieningsuitspraak van:

**DIE STAAT**

teen

**LAWRENCE PIETERS**

***CORAM:*** KGOMO RP et MAJIEDT R

# *U I T S P R A A K*

**MAJIEDT R:**

1. Die beskuldigde, 'n 17-jarige seun, is skuldig bevind op die ten laste gelegde misdryf van diefstal en gevonnis tot 36 maande gevangenisstraf waarvan 12 maande voorwaardelik opgeskort is. Ek het op hersiening die skuldigbevinding bevraagteken.

2. Die Staat het, nadat 'n pleit van onskuldig ingevolge die bepalings van artikel 113 van die Strafproseswet deur die landdros aangeteken is, sy saak gesluit sonder om enige getuienis aan te bied. Die beskuldigde self het getuienis

afgelê.

3. Tydens die artikel 112(1)(b) – verrigtinge het die beskuldigde erken dat hy op die datum en plek soos beweer 'n radiokassetspeler uit die klaagster se motor gesteel het. Hy beweer egter dat hy die misdryf gepleeg het onder dwang van sy vriende wat hom met fisiese leed gedreig het as hy nie die daad sou doen nie. Die landdros het derhalwe, heeltemal tereg, 'n pleit van onskuldig aangeteken.

4. Die staatsaanklaer het, nadat die saak uitgestel was, op rekord geplaas dat die klaagster weier om hof toe te kom en klaarblyklik geen belangstelling toon in die saak nie. Niks is vermeld oor ander moontlike beskikbare getuies of getuienis nie.

5. Die landdros motiveer haar uitspraak grootliks aan die hand van die feit dat die beskuldigde se weergawe van dwang nie redelik moontlik waar kan wees nie. Hierdie benadering gaan mank in verskeie opsigte.

6. Soos die landdros tereg aantoon, is dit nie uniek dat 'n beskuldigde ná 'n notulering van 'n pleit van onskuldig wel skuldig bevind kan word nie, nieteenstaande die feit dat die Staat geen verdere getuienis aanbied nie. Voorbeelde hiervan in die regspraak is ondermeer:

   ***S v Ncube; S v Mphateng en 'n ander*** 1981(3) SA 511 (T), waar 'n beskuldige in die Mphateng saak duidelik al die

wesenlike elemente van die misdryf wel erken het op 'n aanklag van veediefstal.

In ***S v Goitsemang*** 1997(1) SASV 99(O) het die beskuldigde toorn/provokasie geopper tydens die artikel 112(1)(b) ondervraging en het die landdros 'n pleit van onskuldig genotuleer. Geen getuienis is gelei nie en die beskuldigde is skuldig bevind. Die Hof bekragtig op hersiening die skuldigbevinding op die basis dat die beskuldigde alleen sy eie gemoedstoestand nader kon toelig en dat sy versuim om te getuig van kardinale belang was.

7. Teenoor hierdie gewysdes, staan uitsprake soos dié in ***S v Mathe*** 1981(3) SA 664(NK) waar beklemtoon is dat daar nie van 'n beskuldigde verwag kan word om gebreke in die Staatsaak aan te vul nie (te 668 E-F).

Sien ook: ***S v Masia*** 1962(2) SA 541(A) te 546.

8. Dwang as 'n verweer kan onder noodtoestand gekategoriseer word.

As 'n verweer kan noodtoestand dien óf as 'n regverdigingsgrond (dus wat wederregtelikheid uitskakel) óf as 'n skulduitsluitende verweer;

***Snyman, Strafreg,*** 4e uitgawe te 115-116;

***S v Bailey*** 1982(3) SA 772(A) te 796A***.***

Die Staat moet bewys bo redelike twyfel lewer dat 'n beskuldigde wederregtelik en met opset gehandel het by 'n diefstal klag soos die onderhawige. Daar kan nie, soos wat die landdros gedoen het, bloot gekyk word na die beskuldigde se weergawe om te toets of dit redelik moontlik waar is nie. Die vraag ontstaan onmiddellik – redelik

moontlik waar teenoor wat?

9. Daar is ‘n verdere probleem met die landdros se benadering. Die beskuldigde is weliswaar meegedeel dat hy kan verkies om te swyg of om te getuig. Ek meen egter dat die landdros verder moes gegaan het en vir die beskuldigde, synde onverteenwoordigd, volledig verduidelik het wat die implikasies is van die onderskeie keuses.

Die landdros het vir die beskuldigde verduidelik dat sy antwoorde tydens die artikel 112(1)(b) verrigtinge bly staan het as erkennings. Alhoewel dít natuurlik regtens in orde was, kon dit die indruk by die beskuldigde geskep het dat hy verplig was om sy optrede te probeer regverdig onder eed.

**Ek is van mening dat die skuldigbevinding regtens onontvanklik is. Ek sou gevolglik die skuldigbevinding en vonnis tersyde stel.**

________________

**S.A. MAJIEDT**
**REGTER**

Ek stem saam en dit word aldus gelas.

______________________________

**F.D. KGOMO**
**REGTER-PRESIDENT**